# Josua Pinkster Kerk

h/v Elizabethweg en Marborestraat, Impala Park
Tel: 011 395 4220 Sel: 084 557 0231

## JPK BELEIDSRIGTING

Pinkster, soos dit na Suid Afrika gebring is uit verskeie wêreld herlewings, het plek gemaak vir 'n verskynsel van kraglose, deftige en vooraf afgewerkte godsdiens in hierdie laat uur, waarin min plek bestaan vir die egte werkinge en Salwing van die Heilige Gees, vol vuur en krag soos in die beginjare waarin die vrees, eerbied en respek vir die Here, baie prominent teenwoordig was, wanneer die Heilige Gees Gawes in die gemeente gewerk het. (1 Kor. 2:3-5)

Verskillende uitlatings/stellings op hierdie gebied, deur groot kerkleiers, troos die Pinkster man en vrou en stem hulle tot tevredenheid met 'n roering hier en daar, (soms met 'n vraagteken oor die egtheid daarvan) dit terwyl daar 'n skatkamer vol Heilige Krag tot beskikking van die ware wedergeborene is, wie daarna smag en bereid is om algeheel, sonder voorbehoud, oor te gee aan die Woord van die Here en die volkome leiding van die Heilige Gees! (Joh. 16:13)

Ons moet egter nie uit die oog verloor dat satan reg van die skepping af, al besig is om hom op die mens toe te spits, en soos tyd aanstap, die mens tot tevredenheid te stem om omstandighede (wat soos in die kerke heers, vandag veral) te aanvaar en aan hom 'n makliker pad te probeer voorhou, terwyl daar net een pad is!!! 'n Pad van Heiligmaking (Heb. 12:14)

Van die dae in die tuin van Eden het satan groot sukses by die mens behaal deur "verwarring" te bring – Die Here sê vir die mens in Gen. 2:17 "van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." God het verwag van Adam en Eva om Hom te glo en hulleself in gehoorsaamheid aan Sy opdrag te onderwerp, ongeag enige redenasies van satan!

Satan, op sy beurt in Gen. 3:2-6 "En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê : Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou : Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; ........."

Eva het geëet en nie fisies dood neergeval nie – satan het van die sterwe van die vleeslike liggaam gepraat en die Here het van 'n geestelike dood (verlies aan die Ewige lewe) gepraat. (Efes. 2:1-5 en Openb. 21:8) Satan is vandag nog besig om suksesvol verwarring in die Kerke te saai deur met vleeslike redenasies mense te paai om dinge toe te laat wat nie so erg is nie en wat dan nou kwansuis niks met jou saligheid te make het nie!!

Ek wil egter 'n paar van hierdie terreine aanspreek sodat ons lidmate duidelikheid het oor ons Kerk se sieninge op hierdie gebiede en daar geen onsekerhede is wat verwarring bring by lidmate van die JOSUA PINKSTER KERK nie.

(*SONDER OM IN ENIGE DEBATTE OF GESPREKVOERING MET ENIGE ANDER KERK, GEMEENTE OF INDIVIDU TE TREE*)

## 1. HEILIGE GEES

Die JPK erken met groot eerbied en respek die leiding en opdragte van die Heilige Gees wat gelei het tot die ontstaan en stigting van hierdie Kerk, nou voor die wederkoms van Christus!
Hierdie Kerk se voortbestaan en doel van haar samekomste moet gekenmerk wees aan die eendragtige soeke en tasbare teenwoordigheid van die Heilige Gees en die werkinge van die Gawes in haar lidmate (2 Kor. 3:17). Op Skriftuurlike wyse moet baie versigtig daarmee omgegaan word. (1 Kor. 14:12, 1 Kor. 14:26-33, 1 Kor.14:39-40)

Die geskrewe Woord, wat lewend gemaak word deur die Heilige Gees, sal altyd die hoogste gesag bly (Joh. 6:63) en moet ten uitvoer gebring word deur die bedieninge soos deur die Woord aan ons nagelaat is (1 Kor. 12:5, Efes. 4:11) met die nodige toesig in ons samestelling.

## 2. DIE EMANSIPASIE VAN DIE VROU

Die gees wat wêreldwyd heers om die vrou se posisie in die samelewing heeltemal te verander deur haar gelyk te stel aan die man, en in baie gevalle selfs bokant die man te stel, het oorgespoel na die Kerkewêreld en word die Godsorde van 1 Kor. 11:3, Efes. 5:23 met groot welslae deur die duiwel versteur.

In die JPK moet ons waak dat die Bybelse orde gehandhaaf word en dat die Susters wie van die Here ‘n spesifieke opdrag ontvang, dit in die dienste sal uitvoer (1 Kor. 11:5) met ‘n aanduiding van gesag op haar hoof (1 Kor. 11:10) Hierdie aanduiding maak nie deel uit van ‘n gewoonte of uitrusting nie, maar is ‘n teken van onderdanigheid aan jou eie man of hoof van die huis! Ons mag nie toelaat dat satan in hierdie laat uur waarin ons onsself bevind, verwarring bring en die orde wat die Woord vir ons in 1 Kor. 11:3 uitspel, aantas en onsekerheid bring nie.

Ons Susters mag nie toegelaat word om te heers nie (1 Tim. 2:12) maar sal in onderdanigheid (Efes. 5:22) hulle pligte as die swakkere vat (1 Pet. 3:7) vervul (1 Pet. 3:1). Onderdanigheid aan haar eie man is nie ‘n opsie nie maar ‘n opdrag van die Bybel (Efes. 5:22 en 24, Kol. 3:18 en Titus 2:5).

## 3. OPVOEDING VAN KINDERS

“Menseregte” van kinders in die huidige Staatsbestel maak dat ouers te bang is om hul kinders te tugtig en in baie gevalle gebruik hulle dit as ‘n verskoning. Die Bybel sê egter in Spr. 13:24 “Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging.” (Heb. 12:8 & 11)

Tugtiging (lyfstraf) binne die perke van menslikheid, kom sover terug as Deut. 21:18 in die Bybel voor en satan sal alle moontlike verset daarteen aanwend om sodoende ‘n opkomende geslag daar te stel sonder enige beginsels en onderdanigheid. (Spr. 3:12, Spr. 29:17 & Heb. 12:6 & 7)

Die JPK staan ‘n opvoeding voor waarin die tugtiging nie ontbreek nie, solank dit in liefde binne die perke van menslikheid geskied wanneer en waar nodig.

## 4. BYBELVERTALINGS

Die 1933 Afrikaanse vertaling van die Bybel word deur die JPK beskou as die amptelike kansel Bybel.

Alle ander vertalings kan nuttig aangewend word vir Bybelstudie, ens. maar vir Skrifkennis en veral memorisering van Tekse, word dit beperk tot die 1933 Afrikaanse vertaling om sodoende enige verwarring te besweer.

Veral op Sondagskoolvlak word gekonsentreer op uitsluitlik hierdie vertaling.

## 5. LOF EN AANBIDDING

Op hierdie terrein word klagtes al meer in die kerkewêreld aangehoor en verwarring vind duidelik uitdrukking in die feit dat baie min gehore as geheel (al die kerkgangers saam) gesamentlik sing en aanbid. (d.i. die kansel en die gemeente saam in eenheid)
Dit gebeur al meer dat mense in die gehoor hul sitplekke inneem en nie deel in die sange nie as gevolg daarvan dat te veel sogenaamde “nuwe koortjies / liedere” gesing word, wysies wat te lank en te moeilik aangeleer moet word, voorsangers wat die sange inoefen en dan dit as itemme eerder as samesang met die gemeente, bring.

In die JPK wil ons eerder fokus op die gesindheid en die begeerte om lof en eer gesamentlik aan die Here te bring as om ons besig te hou met kritiek oor koortjies / liedere wat kwansuis nie sin maak of taalkundig korrek is nie, of selfs as Onskriftuurlik afgemaak word. Baie van sulke koortjies / liedere het oor baie jare heen tot groot seën en resultate gelei wanneer die harte van die gemeente in eensgesindheid was om aan die Here lof en eer te bring!

Die “ou” koortjies mag nie net afgemaak word as “outyds” nie en nuwe koortjies wat maklik deur die gemeente aangeleer word kan tot groot seën lei as dit reg aangewend word.

## 6. HOMOSEKSUALISME

Die Bybel sê in Gen. 1:27 “En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.”

Die JPK onderskryf ‘n heteroseksuele verhouding tussen ‘n man en sy eie vrou – enige ander seksuele verhoudings is uit die bose en word as Onskriftuurlik verwerp met die nodige minagting. (Rom. 1:24-27, Lev. 18:22, Gen. 19 en 1 Kor. 6:10)

## 7. KLEREDRAG EN VOORKOMS

Dit is baie duidelik dat satan al van vroeg af hom bemoei het met wat die mens aantrek. (Deut. 22:5)
Hy ken die slaankrag daarvan en wend dit met groot welslae aan, terwyl baie in die kerkewêreld dit as onbelangrik afmaak.

Die leuen dat jou uiterlike voorkoms of kleredrag niks te make het met jou innerlike toestand by God, word deur die duiwel baie susksesvol in die Kerkewêreld aangewend.

Vrugte wat by bekering pas (Matt. 3:8 en Matt. 7:20) is nie net innerlik nie maar ook duidelik sigbaar na buite (Matt. 23:25-28).

Die ware wedergebore kind van die Here vertoon ‘n innerlike sowel as ‘n uiterlike vrug van die genadewerk wat in die gees plaasgevind het.

Geen mens wie se kleredrag enige liggaamsdeel sò aksentueer dat dit ‘n sondige gedagte, by enigiemand wie na jou kyk, laat opkom, sal eendag in die Groot Oordeel onskuldig voor God staan nie. Jy gaan sekerlik rekenskap daarvoor moet gee.

In Pinkster geledere oor die jare heen was die feit dat jy kerktoe gaan en in die teenwoordigheid van die Here kom, duidelik beklemtoon deur die kleredrag en voorkoms van die wedergeborene vir wie die eer en respek vir die Here, daarin weerspieël word. (Joh. 21:7)

Die JPK sal trag om niemand wie nie aan hierdie vereiste voldoen, toelaat om op hul platform op te tree nie.

## 8. **KONINKRYKSBEGRIP**

Die JPK neem intensief kennis daarvan dat ons oppad is na ‘n Hemelse “Koninkryk” waarin net EEN Koning heers! (1 Kor. 15:24, 2 Tim. 4:18).

“Demokrasie” soos alombekend in wêreld regerings, is net die teenoorgestelde daarvan en word deur die satan aangewend om die klem of mag, selfs in Kerklike kringe, van die Koninkryksgedagte af te kry en mag word dan na die gepeupel of volksmond, afgewentel. Hier word “menseregte” voorgestaan terwyl menseregte geen bestaansreg in ‘n koninkryksbegrip het nie, maar die wil van die koning die enigste en hoogste gesag ten gevolg het.

Die Hemel, waarheen die ware wedergebore kind van die Here oppad is, is die KONINKRYK VAN GOD (2 Thess. 1:5, 2 Pet. 3:13)  en ALLE MAG is in Sy hande.

Terwyl ons nog hier op aarde is moet die voorgangers in die Liggaam, die Liggaam hierop voorberei (1 Thess. 5:12, Heb. 13:7 en 17) met die nodige agting (Fil. 2:3) en self die onberispelike voorbeeld stel (Joh. 13:15 en 1 Pet. 2:21).

Pastoor JT Strydom